# Wennerwoorde
# 2 van 2025

Elke kind is 'n wenner
#wenner

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Na afloop van die eerste twee weke van die nuwe skooljaar kan 'n mens nie anders as om opgewonde te wees oor die jaar wat voorlê nie.
Die eerste skooldae het rustig verloop en elke wenner was gou weer terug in hul skoolroetine.
As ons voortbou op die afgelope weke gaan ons wenners beslis in die jaar doelgerig en dankbaar lewe.
Moenie uitmis op die opwindende gebeurtenisse wat in 2025 by Laerskool Secunda gaan plaasvind nie!
Wees deel van ons pragskool!

## Kloklui-seremonie

Ons nuwe graad 1-wenners het hul eerste tree tot sukses gegee en die klok gelui vir hulle eerste skooldag.

Wat 'n trotse oomblik!











# SKOOLURE

| | |
|---|---|
| **Graad RRR tot R**<br>Vanaf 3 Februarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:00<br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** | **Graad 1**<br>Vanaf 3 Februarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20<br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** |
| **Graad 2, 3 en LSOB**<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20<br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** | **Graad 4-7**<br>Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:30 |

Leerders in Graad RRR – 1 kan in die oggende tot by hul klasse vergesel word (enige tyd vanaf 6:50 tot 7:30), en weer in die middae by hul klasse afgehaal word.




## SPOEDGRENS

Kom ons hou asseblief by die spoedgrens van 30 km per uur voor die skool. Ons leerders se veiligheid is vir ons bo aan ons prioriteitslys.

## Kontakbesonderhede van die skool

Neem asseblief kennis dat die e-posadres van die skool verander het. Al die opgedateerde kontakbesonderhede van die skool word hieronder verskaf vir u kennis:

**E-posadresse:**

| | | |
|---|---|---|
| Sekretaresse | Charleen Grové | algemeen@secundalaer.co.za |
| Toelatings | Anneli Long | info@secundalaer.co.za |
| Debiteure | Nadia van Eeden | nadia@secundalaer.co.za |
| Finansies | Wilmarie du Plessis | fin@secundalaer.co.za |
| Bemarking | Minnelize Whitlock | skakel@secundalaer.co.za |

**Telefoonnommer:**

017 634 7612 Indien u enige navrae het, moenie huiwer om ons te kontak nie.

## Akademie: Graad 4 – Graad 7

Akademie is nogsteeds ons skool se prioriteit. Om rede wil ons u versoek om afwesighede tot die minimum te beperk. Indien u kind afwesig is word nuwe konsepte gemis en u kind word tydens assessering benadeel. Let asseblief daarop dat dit u kind se verantwoordelikheid is om Maandae tydens saalperiode toetse in te haal wat gemis is.



## Trompoppies

- Begin 27 Januarie
- Oefentye: 13:30 -14:00
- Maak asseblief seker u het die WhatsApp skakel gevolg om deel te wees van die groep indien u dogter wil deel wees van die keuring vir 2025 se span.

## Mediasenstrum

Onthou die mediasentrum is op Dinsdae en Donderdae oop na skool tot 14:00 vir Gr.4-7

## Koor

Kooroudisie sal in die Saal plaasvind op Woendag 29 Januarie vir Gr. 6 en Gr. 7 leerders. Indien die leerder by Atletiek betrokke is sal ons hulle wel akkomodeer op Woensdag 5 Februarie.







## LANDSDIENS

**Ons Landsdiens skop die jaar weer af met 'n massa registrasie dag op 7 Februarie 2025.**

**Die inligting sal 23 Januarie op u WhatsApp groepe gedeel word.**

**Laerskool Secunda Ouer Fotografieklub**

Hierdie klub is ’n inisiatief om saam met ons ouers te werk om die spesiale oomblikke en prestasies van ons leerders by sport- en kultuuraktiwiteite vas te vang en met trots op ons Facebookblad te deel.

Ons wil julle aanmoedig om enige foto's wat julle tydens sulke geleenthede neem, of dit nou met 'n selfoon of kamera is, met ons te deel.
Om dit makliker te maak, het ons ’n **Google Drive** geskep waar julle al die foto's kan oplaai. Hierdie platform is gebruikersvriendelik en bied ’n eenvoudige manier om die foto's te deel. U kan die volgende skakel volg na die Google Drive:

*https://drive.google.com/drive/folders/1FEuhY_rxW--t56AkV-G4d-25aU_za62k?usp=sharing*










Vriendelike groete



MNR. J. BOTHMA
HOOF